

INLIGTING VIR HOËRSKOLE EN ONDERWYSERS



- BEFONDSINGSVENNOOT VIR JOU STUDIE -



HELPMEEKAAR STUDIEFONDS

WAT MAAK HELPMEEKAAR UNIEK?



BEKOSTIGBARE LENINGS

Studielenings se rente-koerse is baie billik en dek die grootste gedeelte van studiekostes



EENMALIGE AANSOEK

Aansoeke word vir die volle studietermyn goedgekeur solank jy alle eksamens slaag



LANGER TERUG- BETALINGSTERMYN

Tot dubbel die studietermyn om skuld terug te betaal (tot 'n maksimum van sewe jaar)



JY IS 'N INDIVIDU

Deurlopende betrokkenheid by studente en hul ouers omdat ons glo elke student se omstandighede is uniek

KEURINGSKRITERIA

Die volgende kriteria word in ag geneem vir die toestaan van lenings:

- akademiese prestasie, wat 'n aanduiding is van 'n redelike kans op sukses
- 'n studierigting wat kan lei tot 'n toepaslike loopbaan
- akkreditasie van die betrokke tersiëre instansie by die SA Kwalifikasie-Owerheid
- finansiële vermoë van die ouer/borg/voog om die renteverpligting tydens die studietydperk na te kom
- sekuriteit, wat sodanig moet wees dat dit die grootste gedeelte van die studieskuld kan dek

Die Helpmekaar Studiefonds is 'n maatskappy sonder winsmotief wat bekostigbare studiehulp aan voornemende studente bied. Die instelling voorsien in die grootste gedeelte van die finansiële behoeftes vir tersiëre onderrig en verskaf sodoende gemoedsrus aan ouer en student vir die duur van die kursus.

In 2016 het die Helpmekaar Studiefonds 'n groot mylpaal bereik met die viering van sy 100ste bestaansjaar!

In die loop van die afgelope eeu is lenings en beurse aan duisende studente toegeken. Onder hulle is bekendes soos die hartchirurgbroers drs. Chris en Marius Barnard, dr. M.H. de Kock, derde president van die Suid-Afrikaanse Reserwebank, die bekroonde digter Breyten Breytenbach, die politieke leier dr. Frederik van Zyl Slabbert, die satirikus Pieter-Dirk Uys en prof. C.G.W. Schumann, stigter en dekaan van die fakulteit handelswetenskappe aan die Universiteit van Stellenbosch.

Ons visie is steeds om met die beskikbare fondse studente sodanig te bemagtig dat hulle 'n beduidende rol kan speel in die ontwikkeling en bestuur van Suid-Afrika.

In 'n veranderende wêreld - in Suid-Afrika in die besonder - besef jongmense hoe belangrik tersiëre opleiding is, veral met die oog op entrepreneurskap en werkskepping. Hier speel die Helpmekaar Studiefonds 'n enorme rol as een van die weinig instellings wat steeds in die finansiële behoeftes van Afrikaanssprekende studente voorsien, ongeag ras, geloof of geslag.

Die organisasie bestaan tans uit twee entiteite - die Helpmekaar Studiefonds staan lenings toe, terwyl die Helpmekaar Studiefonds-Trust rentebeurse beskikbaar stel aan behoeftige studente wat bestaande lenings het.

JOU ROL

As onderwyser gaan jy waarskynlik in aanraking kom met leerders wat groot potensiaal toon, maar wie se vooruitsigte op tersiëre onderrig gekniehalter word deur 'n gebrek aan befondsing. 'n Aanbeveling om die Helpmekaar Studiefonds te kontak, kan dalk die weg baan om daardie leerders se drome vir verdere studies te verweselik.

Ons wil jou uitnooi om by ons Facebook-bladsy aan te sluit om sodoende op die hoogte te bly van aansoekdatums en ander belangrike nuus.

info@helpmekaarfonds.org

TEL | 021 930 8155

www.helpmekaarfonds.org



www.facebook.com/helpmekaarfonds